# 10. LASLAP & KWILTWERK
# PATCHWORK & QUILTING

**KOÖRDINEERDER | COORDINATOR:** Gerda Cronjé | 082 561 6161

SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS | WOENSDAG | 18 MAART 2026
**CLOSING DATE FOR ENTRIES | WEDNESDAY | 18 MARCH 2026**

** Vertoonstukke sal tussen 16:30 - 17:30 op Woensdag, 8 April 2026 in die Kreatiewe Handwerk Saal ontvang word.
**** Local exhibits will be received at the Creative Crafts Hall on Wednesday, 8 April 2026 between 16:30 and 17:30.**

Verwydering van artikels, Dinsdag, 5 Mei 2026 vanaf 16:30 tot 17:30.
**Removal of articles, Tuesday, 5 May 2026 from16:30 to 17:30.**

Inskrywingsfooi | R15 per inskrywing
**Entry Fee | R15 per entry**

Pryse | 1ste plek - R50.00
2de plek- R25.00
Trofees
**Prizes | 1st place - R50.00**
**2nd place - R25.00**
**Trophies**

*A quilt will warm your body and comfort your soul.* ”
UNKNOWN



Vervolg op bl 49 |
**Continues on pag49**

- Elke kwilt moet gemaak en gekwilt wees deur slegs een persoon, met uitsondering van die groepskwilte en samewerkende kwiltwerk.
  **Each quilt must be constructed and quilted by only one person, except for quilts entered in the group quilts and collaborative quilting.**
- Geen kwilt mag ingeskryf word wat reeds aan 'n Nasionale kompetisie deelgeneem het nie.
  **No quilt that has been entered into a National competition may be entered at this show.**
- Geen geraamde artikels kan in hierdie klas beoordeel word nie, aangesien die beoordelaar die agterkant van die artikel ook wil sien.
  **No framed articles can be judged because the judge needs to see the back of the article.**
- Erkenning moet gegee word aan ontwerpers van patrone of enige iemand wat hulp verleen het met die maak van die artikel.
  **Designers of patterns or anybody that gave assistance of any kind must be acknowledged.**
- Die verkry van toestemming waar kopiereg ter sprake is, berus uitsluitlik by die deelnemer.
  **Obtaining permission where copyright is in question rests exclusively with the participant.**
- Alle artikels moet uit drie lae bestaan en deurgestik wees, met uitsondering van die artikels onder die ope kategorie nie-gekwilte tegnieke.
  **All articles must exist of three layers and have to be quilted with the exception of the articles entered into the open category non-quilted techniques.**
- Artikels moet skoon en netjies wees. **Articles must be clean and neat.**
- Kwilte moet 'n etiket aan die agterkant, links onder, van die kwilt vasgewerk hê met al die besonderhede van die kwilter, ingesluit. Die etiket moet met 'n donker lap bedek wees, vasgewerk oor die etiket.
  **Quilts must have a cloth label securely sewn to the back of the quilt, placed on the lower left-hand corner. The label must contain all the information of the quilter and be covered by a piece of dark cloth, tacked onto the label.**
- Vir al die kategorieë se kwiltwerk kan gebruik gemaak word van handkwiltwerk en vryhandkwiltwerk waar lap beweeg word op 'n stilstaande naaldwerkmasjien. (BSR ingesluit).
  **For all the categories' quilting, use should be made of hand quilting and free motion quilting on a stationary machine where the quilt is moved, not the machine.**
- Artikels kan deur die sameroepster na gepaste kategorie geskuif word – tot voordeel van die inskrywing.
  **Articles can be moved to appropriate category by the coordinator – for the benefit of the entry.**

Trofees | **Trophies:**

- Alle trofees hoef nie noodwendig toegeken te word nie.
  **All trophies do not necessarily have to be awarded.**
- Trofees mag slegs toegeken word aan artikels wat reeds 'n eerste plek verdien het, met uitsondering van die Beoordelaarskeuse trofee. Hierdie trofee mag dan aan enige tweede of derde plek toegeken word om die deelnemer aan te moedig om weer te probeer.
  **Trophies may only be awarded to articles that have already earned a first place, except for the Judge's Choice Trophy. This trophy may then be awarded to any second or third place to encourage the contestant to try again.**

1. Mev H Odendaal Wisseltrofee vir die mees uitstaande artikel.
   **Mrs H Odendaal Floating Trophy for most outstanding article.**
2. Anita Kleynhans Wisseltrofee vir die meeste punte in die Laslap- en Kwiltwerk afdeling.
   **Anita Kleynhans Floating Trophy for most points in the Patchwork and Quilting Division.**
3. Beoordelaarskeuse. **Judge's Choice.**
4. Oranje Kwiltersgilde Wisseltrofee vir die beste gekwilte artikel.
   **Oranje Quilter's Guild Floating Trophy for the best quilted article.**
5. Raadzaal Matlokaal Wisseltrofee vir die beste vryhand masjien gekwilte artikel.
   **Raadzaal Carpet-House Floating Trophy for the best machine free motion quilted article.**
6. Mariëtte Venter Wisseltrofee vir die beste innoverende kwilt.
   **Mariëtte Venter Floating Trophy for the best innovative quilt.**

## BEDKWILTE | BED QUILTS

7 Iessie Steenberg Wisseltrofee vir die beste tradisionele kwilt.
**Iessie Steenberg Floating Trophy for the best traditional quilt.**

- Patrone uit die publieke domein mag gebruik word, maar ook kwilte wat gemaak is tydens 'n kursus of met die hulp van 'n gekoopte patroon, mag hier ingeskryf word.
**Patterns from the public domain may be used, but also quilts made during a course or with the help of a purchased pattern may be enrolled here.**

700 Laswerk in bed kwilte: **Pieced bed quilts:**
- Laswerk moet gedoen word deur die gebruik van tradisionele tegnieke en materiaal en moet ook 'n konvensionele randafwerking hê.
**Pieced bed quilts that are constructed using traditional techniques and materials and have a conventional edge finish.**

701 Appliekwerk in bed kwilte: **Appliqued bed quilts:**
- Appliekwerk, met of sonder laswerk, moet gedoen word deur die gebruik van tradisionele tegnieke en materiaal en 'n konvensionele randafwerking (geen rafelrande nie).
**Appliqued quilts, with or without piecing, that are constructed using traditional techniques and materials and have a conventional edge finish (no raw edges).**

## KUNSKWILTE | ART QUILTS

8 Christelle Myburgh Wisseltrofee vir die beste kuns kwilt.
**Christelle Myburgh Floating Trophy for the best art quilt.**

- Muurbehangsels moet voorsien word van 'n hanger mou.
**Wall hangings should be provided with a sleeve for hanging.**

702 Muurbehangsels – Kuns: **Wall quilts - Art:**
- Enige tegniek mag gebruik word, maar tradisionele materiaal moet gebruik word.
**Any technique can be used but constructed with traditional fabric.**

703 Muurbehangsels – Materiaalkuns: **Wall quilts - Fibre Art:**
- Kwilte moet hoofsaaklik gemaak wees van materiaal en die samestelling moet neig na die abstrakte. Enige tegniek mag gebruik word. Die artikel moet deur al drie lae gekwilt word. Randafwerkings is nie beperk tot die konvensionele nie.
**Quilts that are predominantly made of fibre/cloth where the composition tends to be abstract. Any technique can be used. The article should be quilted through all three layers. Edge finish is not restricted to the conventional method.**

## KLEINER KWILTE | SMALLER QUILTS

- Muurbehangsels moet voorsien word van 'n hanger mou.
**Wall hangings should be provided with a sleeve for hanging.**

704 Muurbehangsels – Tradisioneel: **Wall quilts - Traditional:**
- Hierdie kwilte moet gedoen word deur die gebruik van tradisionele tegnieke en materiaal en moet ook 'n konvensionele randafwerking hê.
**These quilts must be constructed using traditional techniques and materials and have a conventional edge finish.**

705 Muurbehangsels – Innoverend: **Wall quilts - Innovative:**
- Laswerk en/of appliekwerk kan gedoen word deur die gebruik van tradisionele tegnieke en materiaal, maar die patroon moet 'n nuwe idee wees; oorspronklik en kreatief.
**Piecing and/or applique can be done using traditional techniques and materials, but the pattern must be a new idea; original and creative.**

706 Lopers, tafellappe en baba kwilte – Tradisioneel: **Runners, tabletoppers and cot quilts - Traditional:**
- Tradisioneel, enige appliekwerk, met of sonder laswerk, moet gedoen word deur die gebruik van tradisionele tegnieke en materiaal en 'n randafwerking wat herhaalde was kan weerstaan (geen rafelrande nie).

Vervolg op bl 51 | **Continues on page 51**

**Traditional, any appliqued quilts, with or without piecing, that are constructed using traditional techniques and materials and have an edge finish that can withstand repeated washing (no raw edges).**

707 Lopers, tafellappe en badakwilte - Ope: **Runners, tabletops and cotquilts – Open:**

- Dieselfde reëls geld hier as onder klas 721 – ope kategorie.
  **Same rules apply here as in class 721 – open category.**

## GROEPSKWILTE | GROUP QUILTS

708 Hoef nie net kwilte te wees nie, maar kan enige ander artikel wees wat bestaan uit drie lae en deurgestik (gekwilt) is. Artikel moet gemaak wees deur 'n groep met 'n minimum van 2 lede. Enige tegniek of kombinasie van tegnieke kan gebruik word.
**This entry is not necessary to be a quilt but can be any type of article that is consisting out of three layers and quilted. Article must be made by a group with a minimum of 2 actively involved people. Any technique or combination of techniques can be used.**

## TEMA - STRANDPARTYTJIE | THEME - BEACH PARTY

709 Geen sy van hierdie kwilte mag langer as 1 m wees nie. **No side longer than 1 m.**

- Die tema van die Bloemskou word elke jaar aangekondig vir hierdie kategorie.
  **The theme of Bloem Show is announced annually for this category.**

## MINIATUUR KWILTE | MINIATURE QUILTS

710 'n Klein kwilt is nie noodwendig 'n miniatuur kwilt nie. **A small quilt is not necessarily a miniature quilt.**

- Kwilte moet op skaal in proporsie wees van 'n gewone kwilt en enige tegniek mag gebruik word.
  **Quilts that are a scaled down version of a regular sized quilt (in proportion) and any technique may be used.**
- Geen sy van hierdie kwilt mag 60 cm oorskry nie en nie korter as 15 cm nie.
  **No side of this quilt longer than 60 cm and shorter than 15 cm.**
- Die blokkies in die kwilt mag nie groter as 10 cm wees nie
  **The blocks in the quilt should not be bigger than 10 cm.**

## JEUG KWILTE | YOUTH QUILTS

9 Calista von Wiellich Wisseltrofee vir die beste jeugkwilter.
**Calista von Wiellich Floating Trophy for the best youth quilter.**

711 Onder 18 jaar. **Under 18 years of age.**

712 Onder 14 jaar. **Under 14 years of age.**

713 Onder 10 jaar. **Under 10 years of age.**

- Enige tegniek mag gebruik word. **Any technique may be used.**
- Moet die deelnemer se eie vakmanskap weerspieël.
  **Should reflect the participant's own craftmanship.**
- Gee krediet aan die mentor. **Give credit to the mentor.**
- Geen sy van hierdie kwilt mag 150 cm oorskry nie en nie korter as 50 cm nie.
  **No side of this quilt longer than 150 cm and shorter than 50 cm.**

## 3-DIMENSIONELE ITEMS | 3-DIMENSIONAL ITEMS

- Daar moet ten minste 80% kwiltwerk in die artikel wees. **At least 80% of the article should be quilted.**

714 Enige tipe sakke. **Any type of bag**

715 Klere (drabare kuns). **Wearable Art**

716 Huishoudelike gebruiksartikels soos kussings, oortreksels, vatlappe, skinkbord lappe.
**Household articles like cushions, covers, potholders, tray cloth.**

717 Materiaal boeke en joernale. **Fabric books and journals.**

## GEMEENSKAPSPROJEKTE | COMMUNITY PROJECTS

718 Artikel moet voldoen aan die vereistes van kwiltwerk soos onder Algemene Inligting voorgeskryf is.
**Article should fulfil the requirements of quilting as prescribed under General Information.**

## BEGINNERSKWILT | BEGINNER QUILT

10 Karin de Villiers Wisseltrofee vir die beste kwilt beginner.
**Karin de Villiers floating trophy for the best quilting beginner.**

719 Persoon moet die artikel binne die eerste twee jaar van kwilt-loopbaan voltooi.
**Person should complete the article within the first two years of quilter's career.**

## SAMEWERKENDE KWILTE | COLLABORATIVE QUILTS

11 Mari Strydom Wisseltrofee vir die beste samewerkende kwilt. Die trofee word aan twee persone toegeken wat saam aan 'n kwilt gewerk het.
**Mari Strydom Floating Trophy for the best collaborative quilt. This trophy is awarded to two people who have worked together on a quilt.**

- Geen kant korter as 50 cm en geen kant langer as 240 cm nie.
**No side shorter than 50 cm and no side longer than 240 cm.**
- Enige tegniek of kombinasie van tegnieke kan gebruik word.
**Any technique or combination of techniques can be used.**
- Kwilt deur twee persone gemaak. **A quilt that is constructed by two people.**

## OPE KATEGORIE | OPEN KATEGORY

721 Hierdie kategorie maak voorsiening vir een of meer van die volgende:
**This category allows for the use of one or more of the following:**

- Gebruik van patrone uit die publieke domein/ontwerpe ouer as 75 jaar. Pinterest en Google Search is nie publieke domein nie.
**Use of designs in the public domain/designs older than 75 years. Pinterest and Google Search are not public domain.**
- Kwilte wat in 'n klas begin is (met erkenning).
**Quilts that have been started in a class (with credits).**
- Enige tegniek kan gebruik word. **Any technique can be used.**
- Hand- of masjiengekwilt, of 'n kombinasie van die twee.
**Hand- or machine-quilted, or a combination of both.**
- Kwilte gemaak met die gebruik van rekenaar-ontwerpe of masjienborduurde patrone.
**Quilts made using computer designs ormachine embroidered patterns.**
- Heel-lap kwilte. **Whole-cloth quilts.**
- Tegnieke waarvan die kwilte tradisioneel nie gekwilt hoef te word nie (net 2 lae): Koekarretjies, Dollas werk, Rafelrand kwilte/Mola, Katedraal vensters is voorbeelde hiervan.
**Techniques whose quilts traditionally do not need to be quilted (just 2 layers): YoYo quilts, Crazy Patch, Ragged Edge quilts/Mola, Cathedral Windows are examples of this.**
- Replika van antieke kwilt (voor 1960). **Antique quilt replica (Pre 1960).**

EINDE VAN AFDELING | **END OF SECTION**